REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 7

#7C = Celebration

A: ONS VIER FEES!!

Vandag se kleingroep byeenkoms is anders as die ander weke.
Hierdie week VIER ons die uitstorting van die Heilige Gees!
Vandag se byeenkoms moet **feestelik** wees – vra elkeen om iets saam te bring waarvoor hy/sy dankbaar is of wat hom/haar herinner aan die Heilige Gees se teenwoordigheid in ons lewe.

B: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 1 min video *The Meaning of Pentecost?*
https://www.youtube.com/watch?v=2f0j7nIgquQ

C: WANDEL IN DIE WOORD

Teks gedeelte: Handelinge 2:1-4, 13:52

[1]Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. [2]Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. [3]Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. [4]Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.

[52]Die gelowiges in Antiogië was **vol blydskap** en **vol van die Heilige Gees**.

Nog teksgedeeltes:
Hand 1:4-5 & 8; Joh 3:5-8, Joh 14:16-17 & 26

D: EET SAAM

Beplan om saam te eet. Hou dit eenvoudig. Laat elkeen die kos saambring wat julle in elk geval sou eet, en eet dit saam.
Deel met mekaar tydens ete:

1. Hoe en waar sien jy die Heilige Gees se teenwoordigheid in jou lewe?
2. Waaroor kan ons vol blydskap wees?
3. Hoe maak ons 'n verskil in die mense se lewens met wie ons elke dag te doen het – kan hulle die Heilige Gees in ons sien?
4. Hoe tree jy anders op omdat die Heilige Gees in jou lewe is?

E: UITDAGING VIR DIE WEEK

Groep besluit self op 'n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef. **LEEF MET BLYDSKAP!**
Luister na die volgende lied ***There's a Wind a blowing*** gesing deur Cornel Driessen & Louis Brittz. Maak dit jou temalied vir die week:
https://www.youtube.com/watch?v=DqmO1CgoK_M&list=OLAK5uy_msUh8U4UbYZzyhHe6NrUGyv06ALet9wD8&index=11

F: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed.
Kuier nog bietjie saam ☺

REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 7
#7C = Celebration GESPREKSRIGLYNE
(Ds Cor Swart)

ONTHOU…

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:

In Handelinge lees ons dat die Heilige Gees op Pinksterdag (wat altyd op 'n Sondag was), oor die gelowiges uitgestort is. Die bewys hiervan is die *geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind en tonge van vuur wat op elkeen gekom het (verse 3-4).*

In die Ou Testament lees ons dat God se verskyning dikwels met die twee kragtige natuurelemente saamgeval het (lees bv. Eksodus 3:2 & 19:18). In Jesus se gesprek met Nikodemus in Johannes 3:8 vergelyk Hy ook die werking van die Gees met die wind.

Pinksterdag se wind en vuur is die sigbare tekens dat God nou op 'n nuwe manier in gelowiges se lewens teenwoordig is! Jesus se belofte in Handelinge 1:4-5 & 8 word waar op Pinksterdag – **die krag van die Heilige Gees begin in alle gelowiges te werk**. Wanneer die Heilige Gees op ons kom, kan ons nie anders as om te getuig nie. Die tale waarin die gelowiges praat is bekende en bestaande tale (daarom kon almal in hulle eie tale hoor hoe God verheerlik word). Dit is anders as die spreek in vreemde tale (glossolalie) waarna Paulus in 1 Korintiërs 12 – 14 verwys. Die verkondiging in bekende tale op Pinksterdag hang saam met Jesus se opdrag dat ons die evangelie aan alle mense moet verkondig. Is dit nie mooi dat Jesus aan die kerk (ons wat lewende tempels van God is omdat die Gees in ons woon) op Pinksterdag die vermoë gee om sy opdrag in Matteus 28:19-20 te gehoorsaam nie:

Pinksterdag was 'n belangrike Joodse feesdag. Dit is ook die fees van die weke genoem. Dit is 50 dae na Paasfees gehou. Op hierdie dag het die Israelite die eerste opbrengs van hulle oes aan die Here kom wy.

"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: <u>Ek is by julle</u> al die dae tot die voleinding van die wêreld."

Deur die Gees is **Jesus by ons** – dit is die Gees van die waarheid (Joh 14:16-17) wat ons Voorspraak by die Vader is (vir ons intree by God), wat ons oortuig, leer, en herinner dat Jesus die ware Verlosser is (Joh 14:26).

Die werk van die Gees was sigbaar in die vroeë kerk. Daarom lees ons Handelinge 13:52 "*Die gelowiges in Antiogië was **vol blydskap** en **vol van die Heilige Gees**.*"

Mag daar in die Pinkstertyd ook van ons getuig word: <u>hulle is vol blydskap en vol van die Heilige Gees</u>!